higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N400**(A)**(N29)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

(7080126)

29 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n ... is die proses waarvolgens die waargenome aktiwiteit of gedrag van 'n kind gedokumenteer word.

A portefeulje
B lesplan
C opname

1.2 ... is 'n formele metode waarvolgens inligting met gesinne gedeel word.

A 'n Skriftelike verslag
B Om die ouer raak te loop terwyl jy inkopies doen
C 'n Telefoonoproep

1.3 Gedurende ... spel speel vyfjariges koöperatief in groepe.

A sosiale
B parallelle
C alleen-

1.4 Spel wat kinders met die natuur verbind:

A Wegkruipertjie en rympies
B Fantasiespel en om papier te knip
C Water, sand en modder

1.5 Gedurende ... vra jong kinders vrae, pols andere vir antwoorde, stel ondersoek in, en samel data in.

A blokspel
B fantasiespel
C wetenskaplesse

1.6 Kinders skep 'n struktuur tydens blokspel en hulle kan waardeer wat hulle gebou het

A Estetiese ontwikkeling
B Fisieke ontwikkeling
C Taalontwikkeling

Kopiereg voorbehou

1.7 'n Kind plaas blokkies om 'n ruimte te omsluit, wat op 'n begrip van binne en buite dui:

A Omhullings
B Patroonbou
C Dekoratiewe patrone

1.8 Op hierdie stadium van blokspel sal 'n kind die blokkies opmekaarstapel om 'n toring te bou of die blokkies in rye op die vloer plaas, hetsy horisontaal of vertikaal:

A Stadium 2 – begin bou
B Stadium 5 – weergewende/realistiese bouwerk
C Stadium 3 – brugbou/stutting

1.9 'n Voorbeeld van grootmotoriese ontwikkeling is ...

A om op 'n lyn te knip.
B om 'n driewiel te ry.
C om te teken.

1.10 ... in plantryke omgewings berei kinders voor om natuurlike skoonheid raak te sien, te waardeer en die voordele daarvan te ervaar.

A Binnenshuise fantasiespel
B Binnenshuise blokspel
C Spel in buitelug

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item/woord/beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Educarer/opvoeder hou te alle tye 'n skryfblok en potlood in haar sak	A	fantasiespel
2.2	Educarer/opvoeder skenk aandag aan gesinskultuur en -diversiteit, ouderdom en ontwikkelingsvlak	B	werkplanne en aktiwiteitlesse
2.3	Versterk die grondslag vir die kind se voorgeevaardighede	C	natuurlike lig help om 'n verskeidenheid plante binnenshuis te kweek
2.4	Educare bou kinders se selfvertroue en ontsluit hul motivering om te leer	D	om die individuele kind te verstaan
2.5	Feeste as 'n geleentheid om kultuur by die daaglikse program te integreer	E	koningsprotea
2.6	Om die educarer/opvoeder te help om opvoedkundige doelstellings in daaglikse praktyk te implementeer	F	as jy 'n noot op die klavier druk, bring dit 'n klank voort
2.7	Vestig natuur- en wetenskaparea naby 'n venster wat oopmaak	G	toon aanmoediging en waardering vir kinders
2.8	Suid-Afrikaanse nasionale blom	H	opruimliedjies vestig kinders se aandag daarop dat dit tyd is om hul speelgoed weg te pak en na 'n ander aktiwiteit te beweeg
2.9	Wanneer kinders musiekinstrumente bespeel, verken hulle oorsaak en gevolg		
2.10	Musiek en sang help kinders om die roetine van die kinderversorgingsprogram te volg	I	opneemtegniek tydens waarneming
2.11	Verstaan wetenskapkonsepte deur hulle dinge te laat doen	J	kersfees, paasfees, eid
2.12	Maandelikse kalender waarop weerplakkers elke dag geplaas word en getel word hoeveel dae sonnig, bewolk en reënerig was	K	goeiemôre-lied
2.13	Om kinders te verwelkom	L	brugbou/stutting
2.14	Kinders begin eksperimenteer deur twee blokkies, met 'n ruimte tussenin, met 'n derde blokkie te verbind	M	skriftelike voorbereiding
2.15	Help educarer/opvoeder om aanbiedings te vergelyk	N	weerkaart praktiese
		O	eksperimente

(15 × 1) **[30]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Objektiewe waarnemings is subjektiewe stellings soos Thembi het die blokkie opgetel en Sandile daarmee gegooi.

3.2 Anekdotiese verslae/rekords, as 'n waarnemingsmetode, is kort weergawes van spesifieke voorvalle.

3.3 Aangesien blokkies in baie vorms en kleure verkrygbaar is, is hulle geskik vir gebruik wanneer basiese wiskundige konsepte onderrig word.

3.4 Om die uitdagings te oorkom wat by die oplossing van 'n legkaart betrokke is, gee aan kinders 'n gevoel van prestasie en trots.

3.5 Natuur- en belangstellingstafels behoort so hoog moontlik uitgestal te word, omdat sommige items te gevaarlik kan wees vir kinders om te hanteer.

3.6 Wetenskap vir jong kinders behoort in te sluit om vrae te vra, nuuskierig oor antwoorde te wees, ondersoeke uit te voer, en data in te samel.

3.7 Om sagte musiek te speel is 'n teken vir 'n middagslapie.

3.8 Die blootstelling van jong kinders aan musiekinstrumente kan help om 'n gevoel van spanwerk en sosiale vaardighede te ontwikkel, soos mededeel-saamheid en om beurte te maak.

3.9 'n Simbaal is 'n voorbeeld van 'n melodiese instrument.

3.10 Weeraktiwiteite help kinders om van elke seisoen te leer en wanneer die weer verander, stel dit hulle in staat om iets nuuts te leer en waar te neem.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Beskryf hoe jy die kinders in jou groep sal waarneem. (5 × 2) (10)

4.2 Bespreek die waarde van modderspel. (5 × 2) (10)

4.3 Noem VYF geskikte items wat ouers vir die fantasiearea kan voorsien. (5)

4.4 Bespreek die opvolgaktiwiteite wat jy sal beplan ná 'n uitstappie na die plaaslike tuin/park. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.5 Bespreek die waarde van 'n besoek deur 'n tandarts/mondhigiënis aan die preprimêre skool. (5)

4.6 Noem die aktiwiteite wat jy vir die kinders sal beplan nadat die tandarts mondhigiënis die preprimêre skool besoek het. (10)
[50]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik wat die kinders uit die *seisoenkaart* kan leer. (5 × 2) (10)

5.2 Bespreek DRIE tipes bewegingsaktiwiteite wat geskik is vir vierjariges. (4 × 2) (8)

5.3 Noem TWEE aktiwiteite wat in 'n bewegingskring gedoen kan word en wat geskik is vir vyfjariges. (2 × 2) (4)

5.4 Noem TWEE aktiwiteite vir die afsluiting van 'n bewegingskring vir vyfjariges. (2 × 2) (4)

5.5 Bespreek TIEN maniere waarop ouers met die voorskool se aktiwiteite kan help. (10 × 1) (10)

5.6 Bespreek die voordele van voorskoolkonserte. (10)

5.7 Noem VIER temas wat geskik is vir vyfjariges. (4)
[50]

VRAAG 6

6.1 Bespreek die belangrikheid van vrye teken deur 'n verskeidenheid materiale te gebruik. (5 × 2) (10)

6.2 Bespreek VYF praktiese aspekte wat jy sal oorweeg wanneer items op wetenskap- of natuurtafels uitgestal word. (5 × 2) (10)

6.3 Noem 10 oppervlakke waarop voorskoolse kinders tydens 'n kreatiewe les in die buitelug kan teken. (10)

6.4 Bespreek die waarde van verfaktiwiteite. (5 × 2) (10)

6.5 Noem VYF melodiese instrumente wat jy by jou musiekles kan insluit. (5)

6.6 Noem VYF niemelodiese instrumente wat jy by jou musiekles kan insluit. (5)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou